

PROCLAMATION NO. R. 36 OF 2019

**by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA**

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as “the Act”), have been made in respect of the affairs of the National Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (hereinafter referred to as “the DAFF”);

AND WHEREAS the DAFF or the State may have suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the DAFF, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the DAFF;
- (b) improper or unlawful conduct by employees or officials of the DAFF;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates

to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the DAFF; or

(g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof, which took place between 1 March 2017 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 March 2017 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by DAFF or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg this 7th day of June Two thousand and nineteen.

CM Ramaphosa

President

By Order of the President-in-Cabinet:

TM Masutha

Minister of the Cabinet

Schedule

1. Maladministration in the affairs of the DAFF in relation to—
 - (a) the mismanagement of the Comprehensive Agricultural Support Programme (hereinafter referred to as the "CASP");
 - (b) the allocation and use of CASP funds; and
 - (c) the monitoring of projects that were funded in terms of the CASP, and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the DAFF or the State, including the causes of such maladministration.

2. The use of CASP funds to procure or contract for goods or services by or on behalf of the DAFF and payments which were made in respect thereof in a manner that was—
 - (a) not fair, equitable, transparent, competitive or cost-effective; or
 - (b) contrary to applicable—
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury; or
 - (iii) manuals, codes, guidelines, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of, or applicable to the DAFF,and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the DAFF or the State.

3. Any unlawful or improper conduct by the employees or officials of the DAFF or applicable service providers, or any other person or entity in relation to the allegations set out in paragraphs 1 or 2 of this Schedule.

PROKLAMASIE NO. R. 36 VAN 2019**van die
PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as "die Wet"), gemaak is in verband met die aangeleentheid van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (hierna na verwys as "die DLBV");

EN AANGESIEN die DLBV of die Staat verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleentheid in die Bylae vermeld ten opsigte van die DLBV, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleentheid, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleentheid van die DLBV;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beamptes of van die DLBV;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of nie goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op

voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die DLBV; of

- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Maart 2017 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Maart 2017 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die DLBV of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Johannesburg op hede die 7 dag van Junie Twee duisend-en-negentien.

CM Ramaphosa

President

Op las van die President-in-Kabinet:

TM Masutha

Minister van die Kabinet

BYLAE

1. Wanadministrasie in verband met die aangeleenthere van die DLBV in verband met—

- (a) die wanbestuur van die Omvattende Landbou-Ondersteuningsprogram (hierna na verwys as die "OLOP");
- (b) die toewysing of gebruik van OLOP fondse;
- (c) die monitering van projekte wat befonds is ingevolge die OLOP, en enige verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilte uitgawes wat deur die DLBV of Staat aangegaan is, insluitende die oorsake van sodanige wanadministrasie.

2. Die gebruik van OLOP fondse vir die aankoop van, of kontraktering vir goedere of dienste deur of namens die DLBV, en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—

- (a) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend of koste-effektief was nie;
- (b) strydig was met toepaslike —
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (iii) handleidings, kodes, riglyne beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die DLBV van toepassing is,

en enige verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilte uitgawes wat deur die DLBV of Staat aangegaan is.

3. Enige onwettige of onbehoorlike optrede van die werknemers of beamptes van die DLBV of toepaslike diensverskaffers, of enige ander persoon of entiteit, ten opsigte van die bewerings uiteengesit in paragrawe 1 of 2 van hierdie Bylae.